higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STAATSBESTUUR
NKR VLAK 4

(8011004)

10 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

236Q1N2210

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die vrae volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Begin elke afdeling op ‘n nuwe bladsy.

5 Gebruik slegs ‘n swart of blou pen.

6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Voltooi die volgende sinne deur ’n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.1.1–1.2.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

proaktief; voorkoming; kliënte; beheer; afhanklike; bedien; ondersoek; reaktief; filosofie; vervolging

1.1 Die Batho Pele-beginsels wentel om die idee dat mense voorop geplaas moet word. Mense is (1.1.1) … wat deur die regering (1.1.2) … moet word. (2)

1.2 Operasionele dienste reageer (1.2.1) … nadat ‘n lid van die publiek ‘n misdaad reageer. Hulle is verantwoordelik vir misdaad-… (1.2.2) … en (1.2.3) … (3)
[5]

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. Gee ’n rede vir die antwoord.

LET WEL Direkte oorskrywing uit die vraestel sal nie as ‘n motivering vir die antwoord aanvaar word nie.

2.1 Sekuriteitsdienste moet ingevolge Artikel 199 van die Grondwet deur nasionale wetgewing gestruktureer en gereguleer word.

2.2 Die Suid-Afrikaanse Militêre Gesondheidsdienste vorm deel van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag.

2.3 Slegs mense wat in die regering werk, mag klagtes by die Openbare Beskermer indien.

2.4 Ondersoeke na kubermisdaad is een van die vernaamste misdaadprogramme van die Departement van Internasionale Betrekkinge.

2.5 Deportasie is wanneer ‘n land iemand toelaat om aansoek te doen om beskermende sorg in daardie land.

2.6 Die OVK moet die verkiesings van nasionale, provinsiale en munisipale wetgewende liggame ooreenkomstig nasionale wetgewing bestuur.

2.7 Die Burgerlike Sekretariaat vir Polisiedienste val onder die Minister van Polisie, maar is onafhanklik van die res van die SAPD.

2.8 ‘n Burgerlike lid van ‘n GPF mag iemand in hegtenis neem en tronkstraf oplê.

Kopiereg voorbehou

2.9 Die OPOD funksioneer as deel van en is afhanklik van die SAPD.

2.10 Die Tak van Immigrasie Sake bepaal die status en identiteit van buitelanders. **[15]**

VRAAG 3

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	BBE ('AFU')	A	'n hoër bestuursvlak
3.2	NPS	B	lewer bystand aan tribunale en spesiale howe op die terrein van getuiebeskerming
3.3	OWP	C	'n ringvormige deel van 'n kenteken
3.4	SCCU	D	kan op eiendom beslag lê en dit verbeur
3.5	Skep	E	verander jou gedrag skielik sonder 'n duidelike rede
3.6	Annulet	F	om 'n nuwe frase of woord uit te dink
3.7	Wesenskenmerk	G	die mees tipiese eienskap van iets
3.8	Opgaande ('Up-line')	H	gemagtig om ondersoeke en vervolgings met betrekking tot volksmoord te bestuur en lei
3.9	Wispelturig	I	ondersoek bedrog, vervalsing en diefstal
3.10	PCLU	J	onder leiding van die Adjunkdirekteur van Openbare Vervolging

(10 × 1) **[10]**

TOTAL SECTION A: 30

AFDELING B

VRAAG 4

Beantwoord die volgende kortvrae:

4.1 Noem DRIE nasionale prioriteitsmisdade wat die Valke ondersoek. (3)

4.2 Wat is die DRIE hooftake van die OVK? (3)

4.3 Noem EEN van die vier intelligensie-agentskappe in Suid-Afrika. (1)

4.4 Noem die drie vertakkings van die regering. (3)

[10]

VRAAG 5

Beantwoord die volgende kortvrae:

5.1 Wat is die TWEE prioriteite van doeane? (2)
5.2 Noem VIER tipes mensehandel. (4)
5.3 Gee VIER doelwitte van ‘n Gemeenskapspolisiëringsforum. (4)

[10]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 6

Bestudeer die volgende inligting aandagtig en beantwoord die vrae:

Drie stropers kry ‘n effektiewe 35 jaar agter tralies vir stropery van 3 renosterkoeie

Die Mogwase Streekshof het drie mans wat skuldig bevind is aan renosterhoringstropery ter waarde van R1,5 miljoen in die Pilanesbeg Natuurreservaat in die Noordwes, langtermyntronkstraf opgelê

'Die mans, wat van Mosambiek afkomstig is, is op 2 Julie 2018 vasgetrek terwyl hulle probeer het om die wildreservaat met gesteelde renosterhorings ter waarde van R1,5 miljoen in ‘n wit Ford-bakkie te verlaat. Hulle het aansoek gedoen om borgtog, wat geweier is, en het in polisie-aanhouding gebly totdat die saak afgehandel is,’ volgens die woordvoerder van die Noordwes Nasionale Vervolgingsgesag, Henry Mamothame.

Arlendo Mhlanga, Adam Hlongwane en Inancio Chauke is daarvan aangekla dat hulle drie renosterkoeie onwettig doodgemaak het, asook die onwettige besit van 'n vuurwapen, onwettige besit van ammunisie, besit van ses renosterhorings, die afkap van ses renosterhorings van drie renosterkarkasse, doelbewuste en onwettige Vervoer van ses renosterhorings, diefstal van drie renosterhorings en betreding van die erfenisterrein sonder skriftelike toestemming.

'Van die 10 aanklagte waarop hulle verskyn het, het die hof hulle gesamentlik 85 jaar tronkstraf opgelê. Sommige van die vonnisse sal egter gelyktydig uitgedien word. Die veroordeeldes sal 'n affektiewe 35 jaar tronkstraf uitdien vir die misdade wat hulle gepleeg het," sê Mamothame.

Die hof het hulle onbevoeg verklaar om vuurwapens te besit. 'Die Ford-bakkie en ander items wat in hul besit gevind is, is ook aan die Staat verbeur,' sê Mamothame. Ter strafverswaring het Staatsadvokaat Douw Jacobs die hof aangemoedig om die bewyse oor die uitsterwing van renosters wat deur bewaringskenners aangebied is, in aanmerking te neem.

Hy het aangevoer dat renosterstropery 'n vernietigende uitwerking op die toerismebedryf en die land se ekonomie het, omdat dit tot werkverliese lei.

[Bron: Aangepas uit *https://www.news24.com/news24/southafrica/news/three-poachers-get-an-effective-35-years-behind-bars-for-killing-3-female-rhinos-20211021*]

6.1 Word renosterstropery as 'n prioriteitsmisdaad beskou? (1)

6.2 Watter staatsdepartement hanteer sulke kwessies? (1)

6.3 Wat is die primêre mandaat en kernbesigheid van hierdie departement? (2)

6.4 Met wie werk hierdie departement saam in 'n multidissiplinêre benadering om renosterstropery te voorkom? (3)

6.5 Noem VIER ander bedreigde spesies (buiten renosters). (4)

6.6 Wat is die vernaamste doelstelling van die SANParks Veldwagters? (1)

6.7 Watter tipe spesialisveldwagters word in die SANParks veldwatermag opgelei? (3)

[15]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7

Lees die volgende scenario's aandagtig deur en beantwoord die vrae.

7.1 Peter is vir diefstal ondersoek, verhoor en gevonnis. Hy is 6 maande tronkstraf opgelê en sal daarna vrygelaat word. Die regter wat die vonnis opgelê het, hoop dat dit Peter 'n les sal leer en dat hy hom nie weer tot misdaad sal wend nie.

7.1.1 Wat is die doel van die korrektiewe stelsel, volgens die Wet op Korrektiewe Dienste111 van 1998? (3)

7.1.2 Gee 'n praktiese voorbeeld om te wys waarom die DCS en SAPD moet saamwerk. (1)

7.2 Terwyl hulle in Kaapstad met vakansie was, het twee plaaslike universiteitstudente 'n paar buitelandse toeriste vir ekstra geld rondgewys. Later daardie aand is die twee student dood aangetref in die twee Europese toeriste se hotelkamer.

7.2.1 Wie sal hierdie saak saam met die SAPD ondersoek? (1)

7.2.2 Wat stel hierdie agentskap lande in staat om te doen? (1)

7.2.3 Op watter DRIE misdaadprogramme fokus hierdie agentskap? (3)

7.3 Die polisie is na 'n familie uitgeroep nadat 'n buurman hulle geskakel het om 'n voorval van moontlike huishoudelike geweld te kom ondersoek. Terwyl die polisie die voorval probeer uitsorteer het, het hulle die man doodgeskiet. Die familie wil nou 'n ondersoek teen die betrokke polisiebeamptes laat instel.

7.3.1 Wie gaan hierdie misdaad ondersoek? Motiveer jou antwoord. (2)

7.3.2 Watter Wet verleen aan hierdie entiteit sy ondersoekmagte? (1)

7.3.3 Noem DRIE dinge wat buite hierdie entiteit se jurisdiksie val. (3)

[15]

TOTAAL AFDELING C: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING D

Beantwoord die volgende vrae in jou ANTWOORDBOEK.

VRAAG 8

'n Werksgeleentheid in die Kantoor van die Openbare Beskermer het onlangs beskikbaar geword. Kyk na die voorbeeld van die advertensie hier onder:

V A C A N C Y

Personal Assistant to the Deputy Public Protector (DPP)

(Permanent)
Location: **Head Office, Pretoria**
Reference: **PPSA 03/12/2020)**
Basic salary: **R376, 596.00 basic salary per annum plus benefits**

Requirements:

• Bachelor's Degree or National Diploma in Public Administration/Public Management/Office Management/Secretarial/Management Assistance or NQF level 6 /7 in Administration related qualification • A minimum of three (3) years' experience in rendering administrative or secretarial support and logistical arrangements service is required • Must have experience of working in a legal environment • Experience in public sector environment is preferred • Must be computer literate • Experience in dealing with state/formal functions / visit is preferred • A valid driver's licence is essential

Skills, Knowledge and Competencies:

Computer literacy, specifically Office 365 • Excellent communication skills both written and verbal • Analytical skills and pay attention to details • Ability to conduct basic research • Good telephone etiquette • Strong interpersonal and ability to work as part of Private Office team • Demonstrating outstanding ability to correspond with colleagues, internal and external customers • Ability to manage many tasks at once and work against short deadlines • Ability to act independently and in a team • Ability to maintain high ethical standards, showing honesty & fairness in dealing with others and is reliable • Ability to work under pressure and also to work outside of the normal working hours • Experience in dealing with confidential information • Knowledge of Government protocol and processes • Project Management skills • Planning and organizing skills.

Key Duties and Responsibilities:

Receive and make telephone calls on behalf of the Deputy Public Protector (DPP) • Effectively manage the diary and all activities in the office of the DPP • Arrange travel and accommodation, manage cancellation of bookings and complete GRN's forms and submit the signed GRN form to SCM for travel at least 2 days after travelling • Arrange petty cash and submit petty cash receipts within 48 hours of spending to Finance • Prepare travel and subsistence claims • Arrange and coordinate meetings, workshops and other forums, transcribe proceedings and ensure that accurate minutes are timely prepared and signed, with decision registers and follow up on resolutions • Receive written correspondences and direct them to the relevant offices and follow up on responses • Prepare submissions, letters, memos and reports on behalf of the DPP • Receive and

Jy het 'n vriendin wat goed gekwalifiseerd is vir hierdie pos, en vir 'n onderhoud genooi is. Sy vra jou om haar te help om vir die onderhoud voor te berei.

Skryf aantekeninge oor die volgende onderwerpe wat jou vriendin kan gebruik om vir die onderhoud voor te berei:

- Funksies en magte van die Openbare Beskermer (ingevolge Artikel 182 van die Grondwet)
- Jurisdiksie van die Openbare Beskermer (met inbegrip van inligting oor wie hulle nié gesag het nie)
- Ondersoekende magte van die Openbare Beskermer (ingevolge Artikel 6 van die Wet op die Openbare Beskermer)
- Die rol van die Openbare Beskermer in die dag-tot-dag-aktiwiteite van wetstoepassingsagentskappe. (4 × 5) **[20]**

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL 100

Kopiereg voorbehou